LAERSKOOL NELSPRUIT

Nellie Miere

AANSOEKVORM

Graad	Jaar
	2024

INLIGTING: KIND

Van		Volle name	
Voorletters		Noemnaam	
ID nommer		Geslag	
Paspoort nommer		Huistaal	
Geboortedatum		Onderrigtaal	
Geloofsverband		Vorige skool	
Etniese groep		Datum van aansoek	

INLIGTING: OUERS

Persoon by wie die kind bly	Vader / Voog / Ouer 1	Persoon by wie die kind bly	Moeder / Voog / Ouer 2
Verantwoordelik vir die rekening	Ja / Nee	Verantwoordelik vir die rekening	Ja / Nee
Titel		Titel	
Voorletters		Voorletters	
Voorname		Voorname	
Van		Van	
ID nommer		ID nommer	
Paspoortnommer		Paspoortnommer	
Huwelikstatus		Huwelikstatus	
Verwantskap		Verwantskap	
Beroep		Beroep	
Werkgewer		Werkgewer	
Werk telefoon nr		Werk telefoon nr.	
Huis telefoon nr.		Huis telefoon nr.	
Selfoon nr.		Selfoon nr.	
E-pos adres		E-pos adres	

WOONADRES: **Domicilium citandi et executandi**

POSADRES:

NASKOOLSENTRUM:

Ek doen aansoek vir plek in die naskoolsentrum (Merk met X)	Ja		Nee	

KONTAKBESONDERHEDE VAN 'N PERSOON BY WIE DIE KIND NIE WOON NIE: NOODGEVAL BESONDERHEDE:

Titel	Voorletters	Van	Verwantskap	Selfoonnommer

BROER(S) / SUSTER(S) IN LAERSKOOL NELSPRUIT / NELLIE MIERE VIR SKOOLFONDSREKENING DOELEINDES:

Voorletters	Van	Rekeningnommer	Graad

MEDIESE BESONDERHEDE:

Huis Dokter		Dokter kontaknommer	
Mediesefonds skema		Mediesefondsnommer	
Mediesefonds opsie		Allergieë	
Hooflid Naam en Van		Noodnommer	

Die aansoek sal nie verwerk word indien al die onderstaande dokumente ingehandig is nie – NB!				
	Gesertifiseerde afskrif : Geboortesertifikaat van kind		**Slegs vir kantoor gebruik**	
	Gesertifiseerde afskrif : ID van beide ouers/voogde			Aansoek : Suksesvol / Onsuksesvol / Onvolledig / Waglys
	Gesertifiseerde afskrf : Nuutste vorderingsverslag			Datum goedgekeur
	Gesertifiseerde afskrif : Immunisasiekaart van kind - NB			SASPAC
	Bewys van adres van ouers / voog			Leerderprofiel ontvang: JA / NEE
	Paspoort grootte, kleurfoto van kind			Oorplasingskaart ontvang : JA / NEE
	Oorplasingskaart (slegs nadat aansoek goedgekeur is)			

VRYWARINGSOOREENKOMS:

Hiermee gee ons toestemming dat ons kind mag deelneem aan enige van die aktiwiteite wat by Laerskool Nelspruit aangebied word en van skoolvervoer gebruik mag maak waar van toepassing. Ons kind mag ook deelneem aan al die aspekte wat verwant is aan die aktiwiteit wat aangebied word, insluitend klinieke, toere, uitstappies ens.

Ons onderneem om:

1. Vrywaar die Bestuur van Laerskool Nelspruit teen enige beserings, skade en mediese uitgawes wat aan bogenoemde leerling veroorsaak word as gevolg van die gedrag van genoemde leerling of ander leerlinge tydens enige aktiwiteite, uitstappies en toere waarby ons kind betrokke mag wees.
2. Vrywaar die Bestuur van Laerskool Nelspruit teen die opdoening van enige infeksies en / of aansteeklike siekte en onderneem om die leerling teen alle aansteeklike siektes te laat immuniseer en bewys van sodanige immunisering op ons eie koste te dra.
3. Vrywaar die Bestuur van Laerskool Nelspruit van enige aanspreeklikheid as gevolg van verlies of skade aan enige artikel wat op toer, aktiwiteite of uitstappies ens. verloor / beskadig word. Ons aanvaar dat alle redelike voorsorgmaatreëls getref sal word om die veiligheid van jou kind te verseker.
4. Onsself te vergewis van die omvang van die Skoolbeleid en dit onvoorwaardelik te aanvaar.
5. Enige dispuut via die korrekte kanale te bestuur. (Onderwyser, Beheerliggaam, Hoof).
6. Vrywaar die persoon wat by die aktiwiteit betrokke is asook die Beheerliggaam, teen enige eis wat mag ontstaan weens die optrede van sodanige persoon.
7. Gee toestemming dat my kind noodhulp mag ontvang.
8. Gee toestemming dat my kind indien nodig panado / allergex mag ontvang.

FINANSIËLE OOREENKOMS:

Al die inligting op hierdie vorm word beskou as korrek. Die aansoek sal afgekeur word indien daar bevind word dat enige aspek valslik deurgegee is.
Die feit dat 'n aansoekvorm ingedien is, waarborg nie dat 'n kind plek in Laerskool Nelspruit het nie. Die aansoekvorm is 'n wettige dokument en moet volledig voltooi word en stawende dokumente moet aangeheg word. Skrap wat nie van toepassing is nie. (Geen tippex of doodkrap word toegelaat nie)
Skoolfonds vir 2023 beloop R19,400 per leerder per jaar. Skoolfonds vir 2024 word eers bepaal op die jaarlikse begrotingsvergadering wat gedurende Oktober plaasvind. Skoolfonds word pro-rata bereken en is vooruit betaalbaar in 10 gelyke paaiemente. Die eerste paaiement is betaalbaar by aanvang van die leerder se eerste skooldag, en daarna voor of op die 7e dag van elke maand. Laerskool Nelspruit hef skoolfonds in ooreenstemming met die SA Skolewet 84 van 1996. Versuiming om skoolgeld te betaal of by die afbetalings ooreenkoms te bly, word as kontrakbreuk beskou en volle skoolfonds sal onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word. Die Beheerliggaam sal regstappe neem, met koste, op 'n skaal tussen prokureur en kliënt en die rekening sal oorhandig word.

NELLIE MIERE - TOELATINGSKRITERIA:

1. Her-registrasies van huidige ingeskrewe leerders by Laerskool Nelspruit Nellie Miere.
2. Broers en susters van leerders wat reeds by die skool ingeskryf is geniet voorkeur.
3. Leerders wat permanent woon by hul ouers binne die skool se natuurlike voedingsarea, soos omskryf in die SASW en wie se moedertaal Afrikaans of Engels is.
4. Leerders wie se ouers werklik werksaam is by 'n adres binne die skool se natuurlike voedingsarea en wie se moedertaal Afrikaans of Engels is.
5. Leerders wat permanent woon by hul ouers, soos omskryf in die SASW, binne die skool se natuurlike voedingsarea en wie se gekose medium van onderrig Afrikaans of Engels is.
6. Leerders wie se ouers werksaam is by 'n instansie of besigheid binne die skool se natuurlike voedingsarea en wie se gekose medium van onderrig Afrikaans of Engels is.
7. Leerders wat buite die skool se natuurlike voedingsarea woonagtig is en wie se moedertaal of gekose medium van onderrig Afrikaans of Engels is, op die basis dat aansoeke op meriete oorweeg sal word.
8. Die Beheerliggaam sal ouers skriftelik, sonder opgaaf van redes, in kennis stel indien die aansoek suksesvol of onsuksesvol was.

VERKLARING VAN ONDERGETEKENDE:

1. Die Beheerliggaam / Hoof het my ingelig hoeveel die verpligte jaarlikse skoolgeld per leerder beloop.
2. Die Beheerliggaam / Hoof het my ingelig dat ek verplig is om skoolgelde vooruit te betaal voor die 7de dag van die maand.
3. Ek stem toe dat alle formele kommunikasie, geregtelike skrywes en prosesstukke met my per e-pos soos hieronder mag geskied.
4. Ek sal die skool skriftelik in kennis stel indien ek nie toegang het tot digitale kommunikasie nie of indien dit verander.
5. My woonadres soos aangedui dien as my Domicilium citandi et executandi. Ek sal die skool skriftelik in kennis stel van enige verandering daarvan.
6. Ek is bewus daarvan dat my kind die plek in die Nellie Miere onmiddelik verbeur indien ek nie die verpligte skoolgeld betyds inbetaal nie.

Hoof: Nellie Miere

Hoof: Laerskool Nelspruit

Volle Naam en Van - Vader / Voog / Ouer 1	Handtekening - Vader / Voog / Ouer 1	Datum
Volle Naam en Van – Moeder / Voog / Ouer 2	Handtekening - Moeder / Voog / Ouer 2	Datum

Toestemming ingevolge die wet op beskerming van persoonlike inligting 4 van 2013 (POPIA)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik.
Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig die ondergetekende hiermee Laerskool Nelspruit vrywillig om my persoonlike inligting sowel as dié van die kind / kinders hierin vermeld te verwerk, met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat ek aan die skool verstrek.
Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met ’n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
Daarbenewens neem ek hiermee kennis dat **Laerskool Nelspruit** persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.

Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word. Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
Indien die data-subjek, of ’n bevoegde persoon ingeval die data-subjek ’n kind is, tot verwerking toestem.
Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van ’n kontrak waarin die data-subjek ’n party is.
Indien verwerking voldoen aan ’n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
Indien verwerking ’n regmatige belang van die data-subjek beskerm.
Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van ’n openbare regsplig.
Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.
Regte ingevolge hierdie toestemming
Ek het die volgende regte:
Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak. Al voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
Die reg om my besonderhede reg te stel. Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.
Die reg om my toestemming terug te trek. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek.
U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.
Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang.
Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS’e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Voltooi asseblief:

Daar moet ‘n konsensus besluit geneem word m.b.t. die toestemming. Slegs een van die twee opsies mag gekies word.

Merk die toepaslike blokkie met ‘n X	Gee toestemming ☐	Gee nie toestemming nie ☐
	Vader / Voog / Ouer 1	Moeder / Voog / Ouer 2
Volle Naam en Van		
ID nommer		
Handtekening		
Datum		
Leerder Naam en Van		

Vrywaringsvorm
Leerderfoto's – Beeldmateriaal – Video's

Ondergetekende verleen hiermee toestemming aan Laerskool Nelspruit om foto's, beeldmateriaal, video's van die kind / kinders hieronder vermeld te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie / projek / aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek /-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ens. deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word;
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's, beeldmateriaal, video's van die kind / kinders kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan dat die skool met die foto's, beeldmateriaal, video's verbind kan word, en volwassenes wat in foto's, beeldmateriaal, video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlike identifiseerbare inligting van die kind / kinders, buiten vir die naam / name van die kind / kinders, saam met enige foto, beeld, video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's, beeldmateriaal, video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's, beeldmateriaal, video's van die kind / kinders in skoolwebpublikasies.

Ek begryp dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

Laerskool Nelspruit maak gebruik van geslotekringtelevisie om die openbare skoolterrein en geboue te monitor en op die hoofraam te stoor. Die Beheerliggaam behou die reg voor om alle beeldmateriaal wat gestoor is na te gaan waar van toepassing. Indien enige vorm van ongewensde of ongedissiplineerde gedrag gerapporteer word, behou die Beheerliggaam dienooreenkomstig die reg voor om die nodige dissiplinêre stappe te neem, welke strafregtelik of siviele aksie mag insluit indien van toepassing. (Gelees in oorleg met die geslotekringtelevisiebeleid van die Beheerliggaam van Laerskool Nelspruit.)

Deur my kind in te skryf by Laerskool Nelspruit aanvaar ek die skool se beleide. Al die beleide is beskikbaar op ons webtuiste : https://laerskoolnelspruit.co.za

Voltooi asseblief:

Daar moet 'n konsensus besluit geneem word m.b.t. die toestemming. Slegs een van die twee opsies mag gekies word.

Merk die toepaslike blokkie met 'n X	Gee toestemming ☐	Gee nie toestemming nie ☐
	Vader / Voog / Ouer 1	Moeder / Voog / Ouers 2
Volle Naam en Van		
ID nommer		
Handtekening		
Datum		
Leerder Naam en Van		